

**GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN  
SINT FILIP NERI**  
*deur JOHN HENRY NEWMAN C.O.*

Heilige Gees leef en heers, vir ewig en  
altyd. Amen

O, my liewe en heilige Sint Filip, ek plaas  
myself in u hande,  
ter wille van die Liefde van Jesus,  
daardie liefde waardeur u 'n heilige  
geword het.

Ek smEEK u om vir my te bid, sodat God,  
wat vir u die hemel gegee het, dit ook  
eendag vir my sal gee.

Heilige Filip, u het u deel gehad aan die  
beproewinge en verdriet van hierdie  
lewe;

u weet presies hoe moeilik dit is om die  
aanslae van die duiwel te verduur,  
asook die bespotting van hierdie wêreld,  
en die versoeking van vlees en bloed.

U weet hoe swak die menslike natuur is,  
hoe verraderlik die mensehart,  
en tog is u vol simpatie en medelye, en  
glo ek dat u, te midde van u hemelse  
glorie en saligheid, aan my sal dink.

Dink dan nou aan my, o heilige Sint Filip,  
selfs as ek nie altyd aan u dink nie.

Verkry vir my, deur u kragtige  
voorspraak, alles wat ek nodig het om te  
volhard in die genade van God.

Help my om getrou aan God te bly sodat  
ek ook die ewigheid mag beërwe.

Verkry vir my die krag om te stry teen  
die bose, om 'n ware getuie van God en  
sy sending te wees te midde van 'n  
wêreld vol sondaars.

Verkry vir my die moed om Satan te  
weerstaan en te doen wat reg is,  
om myself te oorkom, om my plig na te  
kom en so eendag goeie rekenskap van  
my lewe te gee.

Werktuig van die Heilige Gees, Apostel  
van Rome, in u het dieselfde gees gelewe  
waarmee die Vroeë Kerk so besiel was.

Dit vra ek op voorspraak van die heilige  
Filip Neri, deur Jesus Christus, onse  
Here. Hy wat met God die Vader en die